# Mag 'slegs blankes!' hier aanbid?

P van Staden
Universiteit van Pretoria

**Abstract**
**May 'whites only!' worship here?**
*This is the first of a two-part study in which an assessment is made of the arguments prohibiting people of colour from attending regular Sunday services in the Nederduitsch Hervormde Kerk. Under the present heading the historical background that gave rise to the exclusivist measures is investigated and the arguments for maintaining these measures in the present are evaluated. The study argues that Jesus' instruction to proclaim the message of God's saving grace to the world may not be curtailed by measures excluding anybody from the opportunity to hear that message whenever it is preached.*

## 1. INLEIDING

Die maatreëls wat die bywoning van sekere eredienste in die Nederduitsch Hervormde Kerk deur 'n bepaalde kategorie mense beperk of belet reflekteer 'n tydperk en 'n maatskaplike orde waarin daar streng onderskei is tussen groepe en kategorieë mense. Hierdie onderskeid is nie net op kerklike vlak getref nie, maar is op alle terreine van die samelewing gehandhaaf (vgl Pont [1969]:203-204; 1978a: 331; Oberholzer [1969]:219-220). Dit was 'n sosiale onderskeid wat gebaseer is op die waarneming van verskille op fisiese, kulturele, intellektuele en geestelike gebied tussen die eie groep en die vreemde groep(e). Later het hierdie sosiale onderskeid – wat aanvanklik natuurlike sosiale verkeer was – neerslag gevind in maatreëls en wette, beide staatsregtelik én kerklik[1]. Nog later het hierdie groepsmatige denke 'n bepalende invloed uitgeoefen op die Kerk se siening van homself as volkskerk, en op die Kerk se formulering van die wyse waarop hy sy sendingtaak wil verrig onder daardie mense van wie hy hom so onderskei het.

## 2. HISTORIESE OORSIG

Om die plek en die probleem van die maatreëls oor erediensbywoning te kan verstaan, is dit nodig om 'n historiese oorsig te gee van die oorsprong, interpretasie en gebruik van hierdie maatreëls in die Kerk. Die onderskeid wat in die stukke van die kerk getref word tussen die bywoning van eredienste en lidmaatskap van die kerk,

word hier gehandhaaf (vgl Komm AKV 1986a:3; 1986b:1). Dit beteken dat hierdie studie die houdbaarheid al dan nie van maatreëls betreffende die bywoning van eredienste beredeneer, en dat die besluite en beleid rakende lidmaatskap[2] slegs ter sprake kom vir sover dit verband hou met erediensbywoning.

### 2.1 Die Londense Sendinggenootskap

Die oorsprong van hierdie maatreëls moet ver in die verlede gesoek word. Dit het waarskynlik onder andere gegroei uit die handelinge van die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap aan die Kaap met hulle '...ophitsing van swart teen blank' (Engelbrecht 1953:136), en is bevestig deur die Voortrekkers se ervarings met die swart volkere tydens die Trek. Engelbrecht (1953:373; vgl ook Pont 1978a: 331) skryf: 'Baie sendelinge, veral van die Londense Sendinggenootskap het in die negentiende eeuse politieke maalstroom van Suid-Afrika op so 'n wyse opgetree dat die blanke bevolking van die binnelande meer en meer in verset gekom het'[3].

### 2.2 Die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek (ZAR)

Met die vasstelling van die grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek (ZAR) is ook die volkereverhoudings in die gebied gereël. In die Ontwerpgrondwet van 1855 word in Artikel 11 geformuleer:

> Het wil geen gelijkstelling van kleurlingen met blanke ingezetenen, dan na dat het overtuiging gekregen heeft, dat die gelykstelling geen nadeel aan de Republiek kan te weeg brengen.
>
> (vgl Engelbrecht 1953:133)

Insiggewend is dat in hierdie formulering nog toegelaat word dat 'gelykstelling' wel sou kon plaasvind indien dit geen nadeel vir die Republiek inhou nie. In Art. 9 van die Grondwet van 1857 word veel skerper en meer afgrensend geformuleer, wanneer gestel word: 'Het volk wil geen gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen', en in Art. 9 van die gewysigde Grondwet van 1858 word gespesifiseer: 'Het volk wil geen gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen noch in kerk noch in staat' (vgl Engelbrecht 1953:133).

Dat dit in hierdie formulering ook gegaan het oor erediensbywoning, word deur Engelbrecht (1953:134) aangedui wanneer hy verwys na die navraag[4] van die Algemene Kerkvergadering van 1861 by die regering oor die betekenis van die uitdrukking: 'geen gelijkstelling van gekleurden met blanken'. Die Uitvoerende Raad het aangedui dat hiermee bedoel word 'niet dezelfde godsdienstige voorrechten in ons kerkgebouw'. Pont (1978b:101) bevestig dit: 'In die Voortrekker-republieke...is ook van die begin af gereël dat die Nie-Blanke in hulle eie kerkgeboue vir die godsdiensoefening sal vergader'[5].

Tog was die wetmakers ook konsekwent deur hierdie beperkende maatreëls op institusionele vlak uit te brei na ander groepe wat hulle as 'n bedreiging gesien het. So word verder geformuleer in Art. 21 van 1857 en Art. 22 van 1858:

> Het verkiest in zijn midden geen Roomse kerken toe te laten, en ook geene andere Protestantsche, dan de zoodanige, waarin dezelfde hoofdsom van christelijk geloof geleer wordt, als is opgegeven in den Heidelbergschen Catechismus.
>
> (vgl Engelbrect 1953:133)

In die Herderlike Skrywe van 1973 verneem ons die volgende:

> Toe die kerk na die Groot Trek in die ou Suid-Afrikaanse republiek 'n nuwe organisatoriese gestalte aangeneem het en ook staatskerk was, was 'n formulering van sy standpunt nog nie nodig nie....Eers in 1904, toe die kerk nie meer staatskerk was nie, het 'n formulering in die Kerkwet nodig geword en verneem ons dat alleen blanke persone aan die kerk behoort en dat die kerk geen gelykstelling...toelaat nie. In verskillende bewoordinge kry ons hierdie grondsaak in al die wette terug totdat die huidige formulering in Artikel III sy beslag gekry het.
>
> (Herderlike Skrywe 1973:2)

Die moeilike aangeleentheid van die verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het dus 'n rol in die kerk gespeel van die vroegste tye aan die Kaap af tot vandag toe. Dit blyk uit die geskiedenis dat daar oor hierdie aangeleentheid, soos sekerlik oor baie ander, 'n simbiose tussen kerk en staat waarneembaar is. Die aanvanklike formulering waarvolgens die blankes hulle op sosiaal-maatskaplike gebied (ingeslote die kerk) afgegrens het teenoor die swart bevolking is deur die staat gedoen, en het later ingang in die kerk se ordemaatreëls gekry[6]. Dit is seker onvermydelik, want hoewel die kerk 'n geestelike grootheid is, neem dit ook institusioneel vorm aan binne die orde wat sosiaal-polities deur die staat gereël word. Selfs al sou die kerk afwysend staan teenoor die sosiale orde soos deur die staat volgens beleid en wetgewing gereël, moet die kerk nogtans binne daardie orde bestaan en werk.

### 2.3 Die Herderlike Skrywe van 1973

Die Herderlike skrywe van 1973 aanvaar dat die kerk in so 'n simbiose ook omgekeerd 'n standpunt mag nahou en 'n invloed kan uitoefen op die staatkundig-maatskaplike orde, en stel in hierdie verband: 'Die kerk van Christus is wel 'n geestelike grootheid, maar nie 'n swewende idee nie' (Komm AKV 1973:4). Daarom kies die kerk in hierdie dokument vir 'n orde wat gegrond is op die ervaring oor etlike eeue

van die volk waaronder hy werk – 'n orde wat deel is van die kerk se tradisie en denke oor volkereverhoudings binne die konteks van hierdie land. Die standpunt van die kerk word soos volg geformuleer: 'Die kerk spreek hom skerp en ondubbelsinnig uit teen elke vorm van integrasie, kerklik, maatskaplik en biologies, as hy dit pertinent stel dat hy geen vermenging in sy midde toelaat nie' (Komm AKV 1973:3).

### 2.3.1 'n Onveranderlike Skrifgefundeerde beginsel

Op 'n vraag aan homself 'of dit 'n legitieme en geregverdigde bekommernis of bemoeienis van die kerk behoort te wees', en of 'die kerk hom nie eerder (moet) bekommer oor en bemoei met die Koninkryk van God nie, wat vir almal bedoel is, ook vir daardie mense wat uit volkerevermenging mag voortkom', gee die Herderlike Skrywe die volgende antwoord:

> Die bekommernis van die kerk oor die onderskeie voortbestaan van blank en nie-blank in ons vaderland kan alleen verstaan word uit sy geloof van waaruit die uitspraak in Artikel III gemaak word. Hoewel dit nie die inhoud van die geloof is wat hy bely nie, gaan dit tog vir die kerk hier om sake wat ten nouste verbonde is met sy geloof en lewe in die wêreld...Ons het hier te doen met 'n uitspraak wat gegrond is in die Skrifgefundeerde geloof van die kerk wat 'n vanselfsprekende deel van ons Afrikaanse lewensorde geword het. Daar lê miskien meriete in die beskouing wat beweer dat die gedagte van geen vermenging teruggevoer moet word na die Bybelse bepaling dat die gelowige nie omgang met die heiden mag hê nie. Die vraag is egter wat die geval dan sal wees as die heiden 'n Christen word. As Artikel III vermenging tussen blank en nie-blank nie wil toelaat nie slegs omdat die nie-blanke 'n heiden is, moet die artikel noodwendig verval wanneer die heidene gekersten is. In so 'n geval sou Artikel III slegs 'n tussentydse maatreël wees en geen beginselsaak nie. *Die kerk wil dit weer eens beklemtoon dat dit vir hom in die onderhawige saak nie slegs om 'n tussentydse reëling gaan nie, maar om 'n blywende en onveranderlike beginsel wat Skriftuurlik gefundeer is.*
>
> (Komm AKV 1973:3; my kursivering)

Indien daar enige onduidelikheid mag bestaan oor watter 'blywende en onveranderlike' Skriftuurlik gefundeerde beginsel hier ter sprake is, dan word dit soos volg opgeklaar:

> Nasies ontstaan nie sommer toevallig nie, maar hulle bestaan moet teruggevoer word na die wil van God. So glo ons was die ontstaan van die Afrikanervolk aan die suidpunt van Afrika nie toeval of die gril van 'n noodlot nie, maar die wil van God. Nie net die ontstaan van die Afrikanervolk as sodanig nie, ook die feit dat hy as blanke volk ontstaan het, wil ons erken as 'n beskikking van God. As daar ooit 'n volk was by wie se ontstaan al die faktore en omstandighede aanwesig was wat moes veroorsaak dat hy nie blank gebore sou word of blank sou bly nie, dan seker die Afrikaner...In sy noue verbondenheid met hierdie volk is die besorgdheid geleë wat ons uit Artikel III hoor klink oor die behoud van die identiteit van die volk soos God hom gemaak het.
>
> (Komm AKV 1973:4)

### 2.3.2 Die sendingbeleid van die kerk

Die feit dat die kerk kies vir 'n gesegregeerde politiek-maatskaplike orde en sy standpunt formuleer en motiveer in Artikel III, dien as basis vir die sendingbeleid van die kerk:

> Artikel III is 'n erkenning en aanvaarding van ons kerk se sendingtaak en tegelyk sy sendingbeleid in 'n neutedop....Hoewel hy homself nie anders ken dan as kerk vir die Afrikaner nie, wil hy die evangelie nie net vir homself hou nie en die kerk van Christus nie beperk tot hierdie volk alleen nie...Daarom aanvaar hy die verantwoordelikheid vir kerkvorming onder die nie-blanke volksgroepe.
>
> (Komm AKV 1973:5)

### 2.3.3 Die vraag na die eenheid van die kerk

'n Noodwendige vraag wat uit bogenoemde sendingbeleid na vore kom, is die vraag 'wat die verhouding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tot die verskillende volkskerke is wat hy vorm' (Komm AKV 1973:8). Dié vraag word soos volg beantwoord: 'Die beginsel wat deur die kerk hier neergelê word is dat dit by die vraag om die eenheid van die kerk nie om 'n kwantitatiewe nie maar om 'n kwalitatiewe saak gaan' (Komm AKV 1973:8). Hieruit word dan die volgende afgelei: 'Net soos die eenheid van die kerk nie noodwendig organisatories uitdrukking hoef te vind nie, so is die bymekaar wees van die gelowiges uit verskillende volksgroepe ook nie noodsaaklik nie omdat die eenheid in niks anders as die waarheid geleë is nie' (Komm AKV 1973:9). Op grond hiervan word dan gekonkludeer dat die demonstrasie van die eenheid deur gesamentlike aanbidding 'onnodig en onmoontlik' is (Komm AKV 1973:9).

### 2.3.4 Die akkommodering van nie-blankes in blanke eredienste

Die gevolgtrekking oor eenheid (vgl afdeling 2.3.3) bepaal ook die vraag na die akkommodering van nie-blankes in blanke eredienste: Wat moet die houding van die kerk wees teenoor 'n nie-blanke of groep nie-blankes wat by gebrek aan eie kerklike fasiliteite die behoefte gevoel om 'n erediens van blankes by te woon? Dit word gestel dat by die oorweging van hierdie vraag (bywoning van eredienste deur anderskleuriges) die samehang van gemeente, erediens en taal van deurslaggewende betekenis is (Komm AKV 1973:9). Van die gemeente word dan gesê:

> 'n Gemeente is altyd 'n gemeente van 'n bepaalde kerk omdat dit altyd 'n bepaalde kerk is wat homself op 'n bepaalde plek in 'n gemeente organiseer ter wille van sy doeltreffende funksievervulling op daardie plek. Daarom kan ons 'n gemeente nie verstaan as 'n vergadering van Christene van verskillende stempel wat homself as gemeente organiseer uit 'n gemeenskaplike behoefte nie.
>
> (Komm AKV 1973:10)

Die bedoeling met hierdie argument is vermoedelik om aan te dui dat die gemeente uitsluitlik bestaan as verskyningsvorm van 'n bepaalde kerk, en dat die definisie van die betrokke kerk bepaal hoe die gemeente daar uitsien. As die kerk sy lidmate dus definieer as 'blanke Afrikaners', beteken dit dat sy gemeentes ook sal bestaan uit blanke Afrikaners.

Op grond hiervan word dan gestel dat die erediens nie 'n willekeurige samekoms van Christene is nie, maar juis die byeenkoms van dié lidmate wat omskryf is as en beperk is tot 'blanke Afrikaners'.

Die argument dat anderskleuriges die behoefte mag hê om die erediens by te woon, word afgesny met die redenasie dat eredienste nie plaasvind omrede van behoeftes nie, maar omdat dit die 'mees wesenlike moment van die funksievervulling van die kerk uitmaak' (Komm AKV 1973:10). Daarmee word bedoel dat die bediening van Woord en sakrament en die antwoord van die mens in belydenis, sang en gebed die wesenlike elemente van die erediens uitmaak, en nie die menslike behoeftes nie: 'Ook wanneer daar geen behoeftes is nie, moet die erediens nog deurgaan omdat die Heer van die kerk self die bediening van Woord en sakrament aan hom oorgedra het, waardeur Hy self die gemeente versamel, bewaar en onderhou' (Komm AKV 1973:10). Die erediens is dus erediens van die *gemeente*, en as sodanig beperk tot die gemeente – nie-blankes kan nie op grond van 'behoefte' aanspraak maak op bywoning nie.

Groot klem word op die belang van die erediens in die lewe van die gemeente geplaas. Die erediens word trouens aangedui as 'n konstitutiewe element in die bestaan van die gemeente:

> Verder moet dit gestel word dat 'n gemeente alleen sigbaar word in sy samekoms in die erediens....Vanuit die erediens word die kerklike meelewing van die afsonderlike lidmate ook bepaal. *Mense wat nie aan die erediens deel het nie, leef nie kerklik mee nie.*
>
> (Komm AKV 1973:10; my kursivering)

Tot dusver verloop die argument dus soos volg: die lidmaatskap van die *kerk* is (deur Artikel III) gedefinieer as beperk tot blankes, daarom is die *gemeente* gedefinieer as saamgestel uit blankes. Die *erediens* is nie 'n 'willekeurige samekoms van Christene' nie, maar samekoms van die gemeente wat nie uit behoefte daar is nie, maar omdat die Heer van die kerk hulle daar versamel, bewaar en onderhou. Daarom, vermoedelik, kan slegs blankes die erediens bywoon. Om hierdie argument verder te motiveer, word in die Herderlike Skrywe nou 'n merkwaardige stelling gemaak:

> Die wesenlike kerklike meelewing op die weg van die een erediens na die ander bestaan daarin dat elke lidmaat ook afsonderlik die Bybel moet lees, die Woord moet oordink, moet bid en bely. *As iemand dus wettiglik verhinder word om 'n erediens by te woon, sal hy nie om daardie rede verlore gaan nie, en moet hy verstaan dat sy persoonlike erediens ook gesprek met God is wat sy onderhouding van die gesamentlike erediens voed en stimuleer.*
>
> (Komm AKV 1973:10; my kursivering)

Binne die verband van die bespreking kan hierdie 'iemand' wat 'wettiglik verhinder word'[7] om 'n erediens by te woon, slegs dui op die nie-blankes waarna vroeër verwys is, wat die behoefte sou hê om 'n blanke erediens by te woon. Geheel en al in botsing met die redenasie dat mense wat nie aan die erediens deel het nie, nie kerklik meeleef nie (vgl die voorlaaste aanhaling), word nou gesê dat dit nie so erg is om nie die erediens by te woon nie!

Verder antwoord die Herderlike Skrywe op die eis dat swart lidmate in blanke gemeentes geakkommodeer moet word, dat dit ons lewenspatroon sowel as die apostolaat soos deur Artikel III gereël, in gevaar sal stel (Komm AKV 1973:11). Die gevolgtrekking is:

> In die lig van die kerk se beskouing oor die verband tussen gemeente, erediens en taal moet aan die bantoelidmate wat hulle eie kerkdienste nie kan bywoon nie, geleer word waarom dit wesenlik in die erediens gaan en dat dit primêr nie daar is ter wille van menslike behoeftes nie. Hulle moet geleer word dat hulle lees van die Bybel nie waardeloos is nie, hulle gebed en belydenis nie sonder betekenis nie.
>
> (Komm AKV 1973:11)

Hulle moet dus geleer word dat dit nie noodsaaklik is om kerk toe te gaan nie, of anders gestel: as hulle nie hulle eie kerk kan bywoon nie, hoef (moet) hulle nie kerk toe (te) gaan nie.

### 2.3.5 Watter eredienste is ter sprake?

In 'n klaarblyklike verweer teen kritiek dat die NHK volgens sy standpunt sekere eredienste nie behoort by te woon nie, word soos volg geformuleer:

> Dit sou 'n absurde konklusie wees as beweer word dat ons kerk volgens sy standpunt in Artikel III nie teenwoordig sou kon wees byvoorbeeld by die inhuldiging van 'n staatspresident of by die begrafnis van 'n nie-blanke polisieman wat op die landsgrense mag sterwe vir die veiligheid van die land nie. *Dit gaan vir ons in die onderhawige saak om die gewone en normale elke Sondagse eredienste van die gemeente en nie om toevallige staatsgeleenthede waar dit primêr om die eerbetoon van 'n hoë staatsburger of die laaste eer aan 'n dapper gestorwene gaan en nie om die diens en die eer van God alleen nie.*
>
> (Komm AKV 1973:11; my kursivering)

Hiervolgens tref die kerk onderskeid tussen sekere kategorieë (ere)dienste waar hierdie beperkende maatreëls nie hoef te geld nie, en die 'gewone en normale' eredienste van die gemeente wat geslote is.

So blyk dit uit die naspeur van die aard en oorsprong van die maatreëls oor erediensbywoning dat die kerk se standpunt oor hierdie aangeleentheid aanvanklik verbonde was aan en onderbou is deur die formulering wat eers beslag gekry het in die Grondwet van die ou Suid-Afrikaanse Republiek, en later opgeneem is in die Kerkwet, waar dit vandag staan as Artikel III.

## 3. VERANDERING IN DIE FUNDERING VAN DIE MAATREëLS

Die simbiose tussen kerk en staat word weer eens gedemonstreer deur die feit dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voor 1979 'van verskeie kante versoeke ontvang om advies uit te bring oor bywoning van besondere eredienste deur swartes' (Nuusbrief 1980:1). Die versoeke waarna verwys word het waarskynlik voortgespruit uit die praktiese situasie dat swartes begin het om die sogenaamde 'besondere eredienste' (begrafnisse en huwelikke) by te woon, en/of uit 'n behoefte by lidmate dat hulle swart werkers (en vriende?) sulke geleenthede moet kan bywoon, en/of uit die politieke situasie waar 'n wysiging in die siening van die staatkundige en die sosiaal-maatskaplike verhouding tussen die bevolkingsgroepe besig was om in te tree. In antwoord op die versoeke het die Kommissie bepaalde riglyne opgestel wat by wyse van 'n omsendbrief, *Bywoning van besondere*

*eredienste deur swartes* (gedateer 15 Junie 1978), as advies aan kerkrade bekend gemaak is. Die Algemene Kerkvergadering van 1979 het hierdie riglyne van die Kommissie goedgekeur as aanbeveling van die Kerk (Nuusbrief 1980:1).

### 3.1 Aanbeveling van die Algemene Kerkvergadering 1979

Die Kommissie het in sy riglyne die Herderlike Skrywe van 1973 soos volg geïnterpreteer:

> Die herderlike skrywe van 1973 stel die standpunt van die Kerk ten opsigte van die bywoning van normale eredienste deur nie-blankes. Wat besondere eredienste betref, soos sekere begrafnisdienste, word daar in die herderlike skrywe ruimte gelaat vir die bywoning daarvan deur anderskleuriges.
>
> (Komm AKV 1978; vgl *Nuusbrief* 1980:1)

Met hierdie interpretasie gee die Kommissie te kenne dat by wyse van toelating sekere dienste (begrafnisse) wel deur anderskleuriges bygewoon kan word. Die Kommissie voeg egter onmiddellik daaraan toe dat hy die gebruik nie wil aanmoedig nie, en wel om die volgende redes:

> a. Kwaadgesindes kan van die geleentheid misbruik maak deur die beleid van die Kerk oor hierdie aangeleentheid (geïntegreerde eredienste) aan te tas;
> b. onoordeelkundige toelating kan diepgaande ontsteltenis by lidmate van die Kerk veroorsaak.
>
> Op die basis hiervan stel die Kommissie voor dat kerkrade, by die oorweging van vergunning vir bywoning deur swartes, drie maatstawwe moet aanlê:
>
> a. Die gevoelens en wense van die familie wat betrokke is;
> b. die rus en orde van die gemeente;
> c. die fatsoenlik, wellewende, Christelike optrede.
>
> (Komm AKV 1978; vgl *Nuusbrief* 1980:1)

Opsommend kan oor hierdie riglyne van die Kommissie gesê word dat dit wel die ruimte skep vir vergunning tot bywoning van begrafnisse deur anderskleuriges, maar dat daardie vergunning onderhewig gemaak word aan die oordeel van die kerkraad. Nogtans word kerkrade versoek om nie sommer 'n algemene besluit vir of teen toelating te neem nie, maar om elke geval op meriete te oorweeg, aan die hand van bepaalde maatstawwe. Die rede hiervoor is dat 'die Kerk nie 'n onbarmhartige en

liefdelose reëling wil of kan maak nie maar dat hy die oog hou op die praktiese situasie waarin sy lidmate elke dag lewe' (Komm AKV 1978; vgl *Nuusbrief* 1980:2). Die prosedure wat gevolg word by die besluit oor toelating word aan die kerkraad self oorgelaat (vgl Nuusbrief 1980:1).

In 'n verdere toeligting by hierdie riglyne stel die Kommissie dat 'dit die beleid van die Kerk is dat bywoning van begrafnisdienste deur nie-Blankes slegs in hoogs uitsonderlike geleenthede toegelaat kan word en dat familielede tegelyk met die begrafnisreëlings ook enige wense in dié verband moet te kenne gee...' (vgl *Nuusbrief* 1980:1). Hiervan moet afgelei word dat kerkrade versoeke vir bywoning behoort te oorweeg volgens die voorgestelde maatstawwe, maar sulke versoeke nie hoef toe te staan nie.

In die geval van die teenwoordigheid van nie-Blanke persone 'met of sonder vooraf kennis van die predikant of kerkraad, en soms selfs sonder vooraf kennis van die familie', stel die Kommissie dat met Christelike wellewendheid opgetree moet word, en dat dit die beste sal wees om 'so min moontlik besondere aandag daaraan te gee' (vgl *Nuusbrief* 1980:1).

As finale en belangrikste maatstaf by die oorweging van sulke gevalle, stel die Kommissie: 'Bo alles is die vraag wat die Kerk in elke geval moet stel: Kan ek my voor God verantwoord vir my optrede?' (vgl *Nuusbrief* 1980:1). Die *Nuusbrief* (1980:2) verwys in aansluiting hierby na 'n opmerking van die Voorsitter tydens die vergadering: 'Wat sou Jesus Christus gedoen het as Hy in my plek was?'

Die Kommissie sluit sy verdere toeligting af deur aan te dui dat dit 'vanselfsprekend' is dat hierdie saak op die vlak van die kerkraad hanteer moet word, aangesien die 'opsig oor die gemeente en die reëling van die omstandighede rondom die erediens uitsluitlik die verantwoordelikheid van die kerkraad' bly (vgl *Nuusbrief* 1980:1-2).

### 3.1.1 Gevolgtrekking

Die hantering van hierdie saak deur die Algemene Kerkvergadering van 1979 dui baie duidelik op 'n verandering met betrekking tot die standpunt wat spreek uit die Herderlike Skrywe van 1973.

Waar die Herderlike Skrywe die saak op die vlak van beginsel hanteer (vgl 2.3.1 hierbo), neem dit by die Algemene Kerkvergadering van 1979 veel meer die vorm aan van 'n beleidskwessie, dit wil sê, 'n praktiese aangeleentheid op die sosio-maatskaplike vlak waar die gevoelens van mense en die goeie orde 'n beslissende rol speel. As toeligting hiervan word volstaan met die volgende aanhaling:

> Die vraag of hier werklik van 'vermenging' sprake is, moet beantwoord word teen die agtergrond van talle situasies in die praktiese lewe waarin lidmate op een of ander wyse met nie-Blankes te doen kry. Is dit vermenging as Blanke en nie-Blanke persone saam werk, in dieselfde voertuig ry, in dieselfde winkel koop, ons kos voorberei saam met die huisvrou, ons kinders versorg, ensovoorts? In hierdie sake moet die Kerk helder en konsekwent dink. Vermenging is sekerlik in die eerste plek 'n saak van gesindheid eerder as 'n saak van fisiese nabyheid.
>
> (*Nuusbrief* 1980:2)

### 3.2 Herderlike Skrywe van 1986

Ons het reeds vasgestel dat die maatreëls oor erediensbywoning aanvanklik gespruit het uit en onderbou is deur die denke wat gekulmineer het in wat vandag bekend staan as Artikel III in die Kerkwet. Hierdie verband kan nagespeur word tot en met die Herderlike Skrywe van 1973 (vgl 2.2, 2.3.4 en 2.3.5 hierbo)'[8].

By die Algemene Kerkvergadering van 1979 tree daar egter 'n verandering in – die bywoning van eredienste deur anderskleuriges word as 'n praktiese aangeleentheid eerder as 'n beginselsaak hanteer (vgl 3.1 en 3.1.1 hierbo).

Die herderlike skrywe wat in opdrag van die Algemene Kerkvergadering van Mei 1986 aan gemeentes gerig is, bied die onweerlegbare bewys dat die Kerk sy fundering van die maatreëls oor erediensbywoning gewysig het. Dit word uitgespel dat Artikel III self 'n praktiese maatreël is:

> Terwyl die kerk steeds die oortuiging het dat hy sy opdrag om die evangelie aan alle mense te verkondig, die beste kan uitvoer deur hierdie reëling, wil hy aan die ander kant waak teen enige gedagte dat hy uit oorweging van ras of kleur aan so 'n artikel gebind is. Hierdie artikel bly 'n praktiese maatreël wat...in hierdie stadium die mees geskikte middel is ter uitvoering van die taak van die kerk binne die besondere omstandighede waarin hy in Suid-Afrika leef.
>
> (Komm AKV 1986a:1)

Insiggewend is dan die pertinente en formele skeiding wat gemaak word tussen Artikel III enersyds, en die maatreëls oor erediensbywoning andersyds:

> Ten slotte wil ons by herhaling daarop wys dat Artikel III lidmaatskap reël en *dat hierdie artikel nie gebruik moet word as argument teen die bywoning by geleentheid van eredienste deur ander persone nie*. Die Algemene Kerkvergadering het dit in die verlede reeds duidelik gestel

> dat daar bepaalde oorwegings is wat die bywoning van eredienste reël en dat kerkrade die Christelike wellewendheid en die verantwoordbaarheid voor God hierin die laaste deurslag moet laat gee.
>
> (Komm AKV 1986a:3; my kursivering)

Bostaande formulering het blykbaar ten doel om 'n praktiese probleem te besweer, naamlik dat Artikel III gebruik is om mense te belet om bepaalde eredienste by te woon, of selfs mense te versoek om 'n kerkgebou te verlaat – daarom die sterk beroep op Christelike wellewendheid en die verantwoordbaarheid voor God. Dit is 'n voortsetting van die gewysigde benadering wat reeds by die 1979 Algemene Kerkvergadering opgemerk is (vgl 3.1 en 3.1.1 hierbo).

### 3.3 Omsendskrywe: Bywoning deur anderskleuriges (Omsend 24)

In opvolging van die Herderlike Skrywe van 1 Julie 1986 rig die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n omsendskrywe aan gemeentes onder die opskrif: *Bywoning van besondere geleenthede deur anderskleuriges*. Hierdie omsendskrywe (verder genoem Komm AKV 1986b) herhaal met selfs groter klem die skeiding tussen Artikel III en die maatreëls oor erediensbywoning: 'Hierdie artikel wat lidmaatskap reël...moet nie gebruik word as 'n argument teen die bywoning by geleentheid van eredienste deur ander persone nie' (Komm AKV 1986b:1).

Hier word veel verder gegaan as die Algemene Kerkvergadering van 1979, waar kerkrade *geadviseer* is om nie 'n algemene besluit vir of teen bywoning te neem nie, maar elke saak op meriete te hanteer (vgl 3.1 hierbo). In die omsendskrywe word die advies omskep in 'n *opdrag*:

> Dit beteken dat geen kerkraad 'n besluit in sy notuleboek sal hê waarin hy so-iets gewoonweg verbied nie; hy sal alleen 'n besluit hê wat die prosedure reël. Oor die beginsel van die saak het die Algemene Kerkvergadering immers klaar besluit.
>
> (Komm AKV 1986b:1)

Dit is duidelik uit die trant van die formulering dat dit juis gerig is teen praktyke in die kerk waar kerkrade gewoon 'n besluit neem dat geen anderskleuriges in hulle kerkgebou toegelaat word nie – selfs nie tydens begrafnisse nie. Die opmerking dat die AKV reeds oor die beginsel van die saak besluit het, verwys na die besluit dat anderskleuriges wel toegelaat word om sekere eredienste (nl begrafnisse) by te woon. Bywoning kan nie meer verbied word nie – dit kan slegs ordelik gereël word. Voortspruitend hieruit, en met 'n beroep op die verantwoordbaarheid voor God, word tot 'n verreikende konklusie gekom:

> Die konsekwensie daarvan is dat geen persoon wat by 'n begrafnis- of huweliksdiens opdaag, toegang tot die kerkgebou geweier sal word omdat hy anderskleurig is nie.
>
> (Komm AKV 1986b:2)

Hierdie formulering kom in wese daarop neer dat die Kerk sy vroeëre standpunt sodanig gewysig het dat hierdie besondere eredienste toeganklik is vir anderskleuriges, en dat kerkrade niemand mag uitjaag of mag verbied om in te kom op grond van sy velkleur nie.

### 3.4 Die probleem

Die chronologiese verandering in die Kerk se denke oor erediensbywoning deur anderskleuriges, soos in die voorafgaande bespreking aangedui, het saaklik net betrekking gehad op die bywoning van besondere eredienste soos begrafnisse en huwelikke. Wat gewone eredienste betref, staan ons tans nog by die uitspraak van die 1973 Herderlike Skrywe dat die gewone en normale eredienste geslote is vir anderskleuriges, en geld die motivering wat destyds gegee is ook onveranderd. In hierdie verband kan verwys word na die antwoord van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op navraag van 'n lidmaat oor die Kerk se beleid insake bywoning van eredienste: 'Die Moderamen bevestig dat die Algemene Kerkvergadering tot dusver nog net gehandel het oor bywoning van besondere eredienste deur anderskleuriges. Gewone eredienste was nie ter sprake nie' (*Bywoning van eredienste*, 30 Oktober 1990)[9]. Dié uitspraak is korrek vir sover dit die mees resente standpunt weergee. Dit is egter substansieel foutief vir sover dit impliseer dat die Nederduitsch Hervormde Kerk nog altyd sy (normale) eredienste as geslote beskou het, en dat 'besondere eredienste' slegs by wyse van uitsondering deur anderskleuriges bygewoon kan word. Reeds in 1963 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n uitspraak gemaak oor erediensbywoning wat vir geen misverstand vatbaar kan wees nie. Hierdie uitspraak is geformuleer in reaksie op wat verstaan is as 'n beskuldiging van die Nederlandse Hervormde Kerk aan die adres van die Nederduitsch Hervormde Kerk oor die toegang van Nie-Blankes tot die blanke kerkgeboue, en lui soos volg:

> Immers daar bestaan in ons kerk wel 'n kerkordelike reëling in verband met die formele lidmaatskap van die kerk maar daar word géén reëling getref ten opsigte van die toegang tot die godsdiensoefeninge van ons kerk op Sondae nie.
>
> (Van Wyk 1978:245-246)

Die feit dat daar 'geen reëling' bestaan oor toegang tot (normale) eredienste nie, word hier aangebied as bewys dat die kerk se eredienste toeganklik is vir alle mense. Dit blyk dus dat die kerk in die loop van die geskiedenis verskillende en selfs teenoorstaande standpunte oor hierdie saak gehuldig het.

Die probleem waarmee ons tans gekonfronteer is, is juis geleë in die argumente wat in 1973 gebruik is om die verbod op bywoning deur anderskleuriges mee te onderbou. Om vanuit die omskrywing van die lidmaatskap van die kerk as beperk tot blankes te ekstrapoleer dat die eredienste van die kerk ook slegs deur blankes bygewoon mag word, is 'n gevolg-etiese argumenteringswyse waarin nie alleen die uitslag van die beredenerings vooruitbepaal is nie, maar selfs die argumente wat aangebied word as bewyse vir die uitslag.

Wat in effek gesê word, is die volgende:

1. Die kerk bestaan net uit blanke lidmate.
2. Die gemeente is die plaaslike en normale verskyningsvorm van die kerk.
3. Dus moet die gemeente ook uit blanke lidmate bestaan.
4. Die erediens is die samekoms van die gemeente.
5. Dus moet die erediens ook uit blanke lidmate bestaan.

Logies gesproke is die afleiding korrek. Die probleem ontstaan egter wanneer die verwantskap wat geponeer word, nader ontleed word. Moét die erediens altyd blank wees?

Dit hang af waar die redenasie begin. Die aanvanklike proposisie kan so geformuleer word dat die gevolgtrekking vooraf bepaal is[10]. Anders gestel: die gevolgtrekking kan reeds in die uitgangspunt opgeneem word, sodat die redenasie oënskynlik onvermydelik op dié bepaalde gevolgtrekking moet uitloop. Dit word genoem 'n gevolg-etiese redenasie, of ook 'n sirkelredenasie. Die 1973-begronding kan bestempel word as so 'n gevolg-etiese redenasie. Die feit dat die Kerk wil hê dat daar slegs blankes na sy eredienste toe moet kom, word reeds opgeneem in die aanvanklike proposisie dat die Kerk se lidmaatskap beperk word tot blankes.

Indien die aanvanklike proposisie egter by die formulering oor die wese van die Kerk in die belydenisskrifte en Artikel I & II in die Kerkwet sou begin, lyk die prentjie nogal anders. Dan verloop die argument soos volg[11]:

1a Die 'een heilige, algemene Kerk' wat ons bely is ooreenkomstig die genadeaanbod in Jesus Christus toeganklik vir mense van alle volke, rasse, tale en kulture.
1b Die NHK is 'n konkrete openbaring van die heilige algemene Kerk.
1c Dus: Die NHK is toeganklik vir mense van alle volke, rasse, tale en kulture.

Dit sou 'n geldige sillogisme wees, omdat dit logies afgelei kan word van die aanvanklike proposisie.

2a Die NHK is toeganklik vir mense van alle volke, rasse, tale en kulture.
2b Die gemeentes is die normale verskyningsvorm van die Kerk (NHK) op elke plek.
2c Dus: Die gemeentes van die NHK is toeganklik vir mense van alle volke, rasse, tale en kulture.

Ook dit is 'n geldige sillogisme, omdat dit logies afgelei kan word van die proposisie 2a.

3a Die gemeentes van die NHK is toeganklik vir mense van alle volke, rasse, tale en kulture.
3b Die erediens is die samekoms van die gemeente.
3c Dus: Die eredienste van die NHK is toeganklik vir mense van alle volke, rasse, tale en kulture.

Sillogisme 3 is 'n geldige sillogisme, omdat die gevolgtrekking logies afgelei is van die proposisie 3a.

Op hierdie manier kan aangetoon word dat gevolgtrekking 3c op 'n geldige logiese wyse afgelei is van proposisie 1a.

Die vraag of die proposisie sowel as die gevolgtrekking *waar* is, en of die huidige redenasie groter geldigheid besit as die argumente wat aangebied word in die 1973 Herderlike Skrywe, kan alleen beantwoord word in terme van 'n beoordeling daarvan aan die hand van 'n norm wat buite die sillogisme en sy beredenering lê. As Kerk vind ons daardie norm in die Bybel as Woord van God.

Met hierdie uiteensetting en identifisering van die probleem is die historiese ondersoek voltooi. Die vraag na watter norme in berekening kom wanneer die meriete van die maatreëls beoordeel word, sal in die tweede deel van hierdie studie hanteer word. Die Skrifgedeeltes wat van toepassing kan wees om 'n norm in hierdie verband te bepaal, sal ook daar bespreek word.

Dit sal ook nodig wees om groepvorming en groepshandhawing as sosiale verskynsel te bespreek, om duidelik te maak dat die Kerk se besluite en optrede in verband met hierdie saak sosiaal gesproke 'n normale verskynsel was.

## ENDNOTAS

1. Die kerk was op daardie stadium staatskerk.
2. Dit wil sê *lidmaatskap* soos gereël deur Artikel III van die Kerkwet en Bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
3. Engelbrecht verwys hier na Prof. Dr. P.J. Muller: Zending en politiek, in *Stemmen voor Waarheid en Vrede* 1912, p. 957-977.

4. Hier merk ons die interessantheid aan dat die Kerk navraag moes doen oor die implikasies van die wetsartikel. Dit is onseker of daardeur geïmpliseer word dat die kerk geen aandeel aan die opstelling daarvan gehad het nie.
5. Dieselfde aksie is ook in die Kaapse kerk geneem. Pont (1978b:101) verwys na daardie besluit: 'Dit was eers in 1857 dat die Sinode van die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk besluit het om 'ten gevolge van zwakheid van sommigen' die Nie-Blanke in aparte kerkgeboue te laat vergader'.
6. Die Herderlike Skrywe van 1973 merk in hierdie verband op: 'Die lewensoortuiging wat in Artikel III vasgelê is, vertoon opvallende ooreenkoms met dié van die staatsgemeenskap waarvan ons as burgers deel uitmaak' (1973:4), en Pont (1986:67) stel dat 'die organiese eenheid van volk, kerk en owerheid vir die burgers van die ZAR nie net 'n teorie nie, maar 'n lewende werklikheid was'.
7. Die 'wettige verhindering' is geleë in die NHK se verbod op die bywoning van eredienste deur anderskleuriges.
8. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 1963 se standpunt oor erediensbywoning, soos geformuleer in '*Gelyke Geleenthede*', verteenwoordig egter reeds die standpunt dat Artikel III en erediensbywoning geen verband met mekaar het nie (vgl afdeling 3.4).
9. Hierdie uitspraak is bevestig deur die Algemene Kerkvergadering van 1992 (vgl Notule van die 63ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1992:168-169).
10. In terme van die logika word hier gepraat van 'n sillogisme, waar die gevolgtrekking geldig is indien dit logies afgelei kan word van die premisse. Die *geldigheid* van 'n sillogisme het egter geen verband met die *waarheid* van of die premisse of die gevolgtrekking nie.
11. Al die stappe van die argument word aangetoon in 3 verskillende sillogismes.

**Literatuurverwysings**

*Die Hervormer se Nuusbrief.* Nommer 154. 15 Februarie 1980.

Engelbrecht, S P 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria: HAUM.

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 1963. *Gelyke Geleenthede.* Antwoord van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op 'Het rassenvraagstuk – Herderlijk schrijven van die Generale Synode van de Nederlandse Hervormde Kerk, in Van Wyk 1978:242-257.

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 1973. *Herderlike Skrywe van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die lidmate van die kerk oor sy opvatting met betrekking tot volkereverhoudings in die Republiek van Suid-Afrika.* Pretoria: Komm AKV.

— 1978. *Bywoning van besondere eredienste deur swartes.* Pretoria: Komm AKV.

— 1986a. *Herderlike Skrywe aan die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria: Komm AKV. (1 Julie 1986)

— 1986b. *Bywoning van besondere geleenthede deur anderskleuriges.* Pretoria: Komm AKV. (Omsend 24 van 29 September 1986.)

— 1990. *Bywoning van eredienste.* Pretoria: Komm AKV. (Skrywe van 30 Oktober 1990.)

Notule van die 63ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. (In sitting te Pretoria vanaf Sondag 28 Junie 1992 tot Saterdag 4 Julie 1992.)

Oberholzer, J P [1969]. Die kerk en die staatkundig-kulturele vlak van die volkslewe. *HTS* 25/3 & 4, 219-228.

Pont, A D 1978a. *Kerkgeskiedenis.* Pretoria: HAUM.

— 1978b [1959]. Artikel III van die kerkwet kerkregtelik gesien, in Van Wyk (red) 1978:101-112.

Van Wyk, D J C (red) 1978. *Stemme uit die verlede 1: Volkereverhoudings in Suid-Afrika.* Pretoria: HAUM.